higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VRAGLOGISTIEK
NKR VLAK 2

(11020252)

15 November 2024 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

216Q1N2415

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
VRAGLOGISTIEK
NKR-VLAK 2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae met aandag deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n skoon bladsy.
5. Skryf met slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Toon aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1 Materiale word ook tydens verspreiding gehanteer as goedere afgelewer word.

1.2 Verkeersophopings kom by seevervoer voor.

1.3. Verkeer het betrekking op die kom en gaan van voertuie en mense langs vervoerroetes.

1.4 Tydens kieswerk word kontrolering, opberging ('binning') en uitrusting ('kitting') ook gedoen.

1.5 Materiale in vloeibare vorm word in meter gemeet.

1.6 Opberging behels dat 'n voorraadopname gedoen en voorraad in die opbergruimte geplaas word.

1.7 Vragte moet so eweredig moontlik versprei word as hulle op- of afgelaai word.

1.8 Die kapitaal waarmee bedryfsbates gekoop word, word vaste kapitaal genoem.

1.9 Die omset is die geld wat 'n maatskappy uit die verkoop van sy produkte maak.

1.10 'n Mensehulpbronafdeling is verantwoordelik vir alle aspekte wat met 'n maatskappy se personeel te doen het.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies 'n term uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Die beweging van mense of goedere met behulp van enige vervoermiddel	A	opberging
		B	uitrusting
2.2	Bestaan uit grondstowwe sowel as klaar en onklaar produkte wat nie verkoop is nie	C	rommelwegdoening
2.3	Afsonderlike maar verwante goedere word tydens hierdie proses saamgegroepeer en as 'n eenheid verpak	D	mannekragkoste
		E	verkeer
2.4	Die laag buite om die primêre verpakking	F	voorraad
2.5	Word uitgevoer om 'n onderdeel wat onklaar geraak het, te herstel	G	vaste koste
		H	sekondêre verpakking
2.6	Behels dat ontslae geraak word van rommel, oormatige en verouderde materiaal	I	veranderlike koste
2.7	Die punt wanneer die uitgawes en die inkomste gelyk is	J	gelykbreekpunt
		K	vervoer
2.8	Koste wat met die indiensneming van personeel verband hou	L	reaktiewe instandhouding
2.9	Versekering, die huur en salarisse van 'n logistiese maatskappy	M	karaktertrekke
2.10	As iemand 'n toegewyde en harde werker is		

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 Lees die volgende artikel en beantwoord die vrae.

SLIM VRAGMOTORS: DIE BESTE IN DIE VERVOERBEDRYF

Die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) het nog vyf prestasiegebaseerde standaard- of PBS-vragmotors of Slim Vragmotors bestel.

Die vyf nuwe vragmotors vir AB Inbev bring die aantal PBS-vragmotors in Suid-Afrika op meer as 270 te staan.

Die PBS-loodsprogram is deur die WNNR in samewerking met die Departement van Vervoer van stapel gestuur. Die program behels dat die veiligheid van PBS-voertuie noukeurig gesimuleer en hulle uitwerking op die padinfrastruktuur getoets word sodat hulle aan die minimum prestasiestandaarde voldoen.

Die doel van die PBS-program is om logistiek doeltreffender te maak deur die vervoerkoste van grondstowwe en leweringskoste te verminder.

Danksy Slim Vragmotors het die aantal vragmotorongelukke op Suid-Afrikaanse paaie aansienlik gedaal. Volgens operateurs soos SG Coal, Unitrans, Barloworld, Bhule Betfu en AB Indbev het vragmotorongelukke met 39% en brandstofverbruik met gemiddeld 12% gekrimp. Omdat hulle loonvragdoeltreffendheid soveel beter is, word elke jaar 84 000 ritte minder onderneem.

[Bron: www.infrastrarene.ws]

3.1.1 Noem twee doelwitte van die PBS-program volgens hierdie artikel. (2 × 2) (4)

3.1.2 Skryf die akroniem PBS volledig uit. (1)

3.1.3 Noem DRIE maatskappye wat by die PBS-program baat vind. (3)

3.1.4 Noem DRIE voordele van die Slim Vragmotors volgens die artikel. (3 × 2) (6)

3.2 Omskryf die volgende:

3.2.1 Aanbodketting

3.2.2 Rommelwegdoening

3.2.3 Opberging

(3 × 2) (6)

3.3 Noem VIER redes waarom kliënte goedere na 'n pakhuis terugstuur. (4)

[24]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1	Verduidelik DRIE rolle wat pakhuise in vraglogistiek speel.	(3 × 2)	(6)
4.2	Beskryf die bestellingverwerkingstake in die volgende fases:		
4.2.1	Bestellingontvangs		
4.2.2	Bestellingvoorbereiding		
4.2.3	Roetering		
4.2.4	Kieswerk	(4 × 2)	(8)
4.3	Noem DRIE soorte voorraad wat in 'n pakhuis opgeberg word.		(3)
4.4	Noem TWEE dokumente wat in die ontvangsproses gebruik word.		(2)
4.5	Noem DRIE voordele van voorspellende onderhoud.	(3 × 2)	(6)
4.6	Noem VIER voordele van 'n vragverspreidingsdiens.	(4 × 2)	(8)
			[33]

VRAAG 5

5.1 Ontleed die inkomstestaat van Rathanga Logistics en doen die verlangde berekenings.

INKOMSTESTAAT VAN RATHANGA LOGISTICS VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2018

Verkope		800 000
Koste van verkope		200 000
Bruto wins		5.1.1
Ander bedryfsinkomste:		100 000
Huur	100 000	
Bruto bedryfsinkomste		5.1.2
Bedryfsuitgawes:		246 000
Brandstof	90 000	
Salarisse	120 000	
Telefoon	20 000	
Versekering	10 000	
Water en elektrisiteit	6 000	
Netto wins		5.1.3

Bereken die volgende (toon al jou berekenings):

5.1.1 Bruto wins

5.1.2 Bruto bedryfsinkomste

5.1.3 Netto wins

(3 × 2) (6)

5.2 Onderskei tussen *vaste kapitaal* en *bedryfskapitaal*. (2 × 2) (4)

5.3 Noem VYF soorte mannekragkostes. (5)

5.4 Die hoof uitvoerende beampte van Rathanga Logistics bestuur VIER afdelings: Logistiek, Finansies, Produksie en Mensehulpbronne. EEN pakhuisbestuurder werk onder die logistiekbestuurder. Die pakhuisbestuurder hou toesig oor EEN kieser.

Ontwerp 'n organogram vir Rathanga Logistics op grond van hierdie inligting. (6)

5.5 Verduidelik die term *verbale redenasie*. (2)

[23]

TOTAAL AFDELING B: 80
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou